

# Republikein

*Jou land. Jou taal. Jou koerant.*

- TUISBLAD
- PLAASLIK
- VERMEENDE STROPER IN BEEN GESKIET



- PLAASLIK

# VERMEENDE STROPER IN BEEN GESKIET

Nikanor Nangolo

- 9 URE GELEDE - - 2022-08-17 07:55:00

Nikanor Nangolo

'n Vermeende stroper is Sondag op die plaas Kaliombo in die Karibib-omgewing in die been geskiet.

Volgens die Namibiese polisie se misdaadverslag het die 65-jarige plaaseienaar omstreeks 23:45 die honde hoor blaf. Veiligheidswagte van K-Sapu het hom ingelig oor vermeende stropers op sy eiendom. Die boer het ondersoek gaan instel en drie mans met vleis gewaar. Die verdagtes was met assegaai en 'n byl gewapen. Hulle het ook drie honde by hulle gehad. Die verdagtes het na bewering probeer om die boer aan te val. Hy het uit selfverdediging sy wapen afgevuur en een van die mans in die been getref.

Die ander twee het op die vlug geslaan en die gewonde man het bly lê. 'n Assegaai en byl is in sy rugsak gevind.

Volgens die polisie is hy 'n bekende stroper. Die karkas van 'n gemsbok is teen die B2-hoofpad gevind. Volgens die polisie is die verdagtes met 'n wit bakkie by die plaas afgelaai.

Die ondersoek duur voort.

– republikein@republikein.com.na